**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

# SPRAAK EN DRAMA SG

**TYD: 2 ure**

**PUNTE: 150**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord vrae uit Afdelings A, B en C.
- Lees die instruksies aan die begin van elke afdeling sorgvuldig.

## AFDELING A
## TEKSTE EN TEATERGESKIEDENIS

- Beantwoord DRIE vrae in hierdie afdeling.
- Elke antwoord moet na 'n ander voorgeskrewe teks verwys.
- Die antwoorde is gelyk in waarde: 30 punte elk (3x30=90).

### VRAAG 1
### ABSURDE TEATER

Die Absurde Teater vertoon nie die kenmerke wat met Realisme geassosieer word nie. Die Absurde dramaturge stel ons bekend aan 'n nuwe benadering tot die hantering van die dramatiese beginsels.

Skryf 'n opstel oor die invloed van Absurde Teater op enige DRIE van die dramatiese beginsels aan die hand van die Absurde teks wat jy vir hierdie eksamen voorberei het. **[30]**

### VRAAG 2
### BRECHTIAANSE TEATER

Bespreek DRIE van die volgende Brechtiaanse dramatiese tegnieke in 'n opstel aan die hand van die Brechtiaanse teks wat jy vanjaar bestudeer het:

- Episodiese struktuur
- Historifikasie en die gebruik van kostuums en rekwisiete
- Die akteur en gestus karakterisering
- Die hantering van die speelruimte **[30]**

### VRAAG 3
### SUID-AFRIKAANSE TEATER

Skryf 'n opstel oor ten minste TWEE van die belangrikste temas wat uitgebeeld word in die Suid-Afrikaanse toneelstuk wat jy vanjaar bestudeer het. **[30]**

## VRAAG 4
## EIE KEUSE

Skryf 'n opstel oor die manier waarop die eie keuse-toneelstuk wat jy vanjaar bestudeer het, ons 'n kykie gee op die wêreld waarin dit geskep is. Lewer kommentaar op die manier waarop die karakters, dialoog en die temas gebruik word om die sosio-politieke agtergrond van die toneelstuk te reflekteer. **[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [90]**

## AFDELING B
## SPRAAK

**VERPLIGTEND**

## VRAAG 5

Skryf kort aantekeninge oor die belangrikheid van die volgende aspekte vir 'n vertolker:

- Die gebruik van korrekte asemhaling vir stemproduksie
- Die gebruik van pouses tydens die vertolking van 'n monoloog
- Die hantering van spanning terwyl jy 'n stuk vertolk
- Die ontwikkeling van 'n resonante stem **[40]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [40]**

## AFDELING C
## KREATIEWE VERTOLKING

**VERPLIGTEND**

## VRAAG 6

Jy is die regisseur van een van die toneelstukke wat jy vir hierdie eksamen bestudeer het. Skryf die naam van die stuk neer wat jy gaan opvoer en bespreek dan die repetisieproses met jou rolverdeling. Verduidelik hoeveel weke hulle het om te repiteer en hoe jy die beskikbare tyd sal gebruik om vir die produksie voor te berei. **[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**